

Hottentotte 'was dié Kapenaars'

Dalene Matthee se jongste roman, *Pieterrella van die Kaap*, het pas by Tafelberg verskyn. Herman Wasserman het met haar daaroor gepraat.

Ons soek 'n stillerige kolletjie om te gaan gesels. Want al is Dalene Matthee 'n huishoudelike naam by die Boekeparadys op die Klein-Karoo Nasionale Kunstefees en al het kopers mekaar glo byna uit die pad geskouer om eksemplare van haar nuwe roman in die hande te kry, sê sy sy is nie een vir die literêre kollig nie.

“Ek is bang mense kom agter ek is nie so slim as wat hulle dink nie. Ek wil graag hê mense moet lees wat ek skryf, maar ek wil nie deel wees daarvan nie as die boek gepubliseer is, is my werk mos klaar.

“Ek woon ook mos daar agter die klip (Hartenbos), ver van die literêre toneel af, so ek is baie onkundig oor die literêre wêreld. Ek wil eintlik net by my huis wees.”

Tog “steek sy 'n kers aan” vir al haar lesers, want sy is “baie dankbaar” vir almal wat haar boek koop.

Sy het hard gewerk aan *Pieterrella*. Sy was vier jaar voltyds besig met navorsing en skryf, maar die historiese stof was so oorweldigend dat sy die hulp moes inroep van 'n medenavorser, dr. Dan Sleigh. Aan Sleigh is sy baie dank verskuldig, sê sy, omdat hy haar veral gehelp het om in te sien dat sy die storie van Eva-Krotoa, 'n Hottentot-vrou wat as tolk gedien het tussen die VOC setlaars en die plaaslike bevolking, moes laat vertel deur die oë van haar dogter by 'n Deense sjiurgyn, *Pieterrella*.

“Ek het dekades gelede al besluit dat ek oor Eva wil skryf, maar sy het bly doodgaan. Sy het maar net nie bloed gekry, siel gekry nie. Dis omdat sy net 'n spikkeltjie was in 'n reusagtige handelsorganisasie, en daar maar min oor haar opgeteken is. Al het sy so 'n groot rol gespeel as tussenganger. Sy het Hollands gepraat soos 'n Hollander.”
Hoekom dan oor haar wil skryf? Wat maak haar so interessant?

“Ek wil haar onthou met eer! Sy was vrou-alleen in 'n magtige handelsorganisasie, en moes aan albei kante reg optree. Aan albei kante, aan die kant van die inboorlinge, maar ek haat die woord inboorlinge, die ... die mense van die Kaap, en die Europeërs.”

Sy sug swaar as sy gevra word of dit dan haar moeilikste boek tot dusver was vanweë al die navorsing. Al die boeke wat sy tot dusver geskryf het, het heelwat navorsing vereis, maar *Pieterrella* s'n die meeste. “Daar was dae dat ek gevoel het ‘Wat vang jy aan?’ Maar dit is tog bevredigend om so na te vors. Dis nes dobbel, jy weet nooit wat jy vandag gaan kry nie. En die vreugde as jy die slag vind, is dieselfde vreugde as met dobbel.”

Matthee het selfs 'n draai in Nederland gemaak om te gaan navorsing doen in die Scheepvaartmuseum in Amsterdam, sodat sy *Pieterrella* en haar boetie se seereis na Mauritius oortuigend kon beskryf. In Den Haag het sy gaan uitvind oor martelmetodes, in die Rijksmuseum gaan kyk na voorbeelde van kleredrag en gebruiksartikels uit Van Riebeeck se tyd en op Mauritius het sy saam met Sleigh gaan navorsing doen oor die Nederlandse teenwoordigheid daar.

Tog is daar 'n mate van fiksionalisering betrokke by enige hervertelling van die geskiedenis. Historiese “feite” is nooit los te maak van die een wat die geskiedenis opteken nie. Matthee sê egter dat dit vir haar belangrik is om getrou te bly aan die gegewens wat sy in haar navorsing

teëkom. "Jy moet baie verantwoordelik verf. Jy mag nie historiese feite bont verf nie, jy moet hul oorspronklike kleure behou. Die geskiedenis is die boustene, maar ek kan goed pleister. Nogtans het ek 'n erge verantwoordelikhedsin gekry om reg om te gaan met die geskiedenis.

"Ek het nie genoeg verbeelding om dinge uit te dink nie. Ek moet eers 'n ding sien of hom voel voor ek hom kan skryf."

So, haar boeke het altyd 'n vertrekpunt uit die "werklikheid"?

"O ja! Al my boeke het 'n waarheidskonneksie. As ek eers 'n waarheid het om die verhaal aan op te hang, dan werk ek op my beste."

Tog, ondanks haar klem op haar verantwoordelikhedsin ten opsigte van historiese gegewens, skryf Matthee nie net uit 'n kille rasionaliteit nie. Sy verwys telkens na dinge soos 'n "superbewussyn" en intuïtieweit. Sy meen skrywers kan sinne "laai met energie", sodat die regte "energie" of "elektrisiteit" oorgedra kan word.

"Vir my sit skryf op die solar plexus, op my maag. As ek die dag vir my kind sê: 'My maag sê iets', dan weet my kind argumenteer sal nie meer help nie. Nee, üh-üh, as 'n sin nie lekker voel nie, vee ek hom uit. My werk moet ook 'n wysie hê, ek wag tot ek daardie wysie het."

So skakel sy met haar skryfaksie in op iets groters?

"Ek glo daar is een of ander kosmiese computer, en jy moet die regte knoppe druk. En daardie computer is baie gesteld op waarheid. Daar was 'n tyd toe ek gevoel het ...hoe sal ek dit nou sê in Afrikaans sonder dat dit simpel klink ... dat daar 'n spirit is wat 'n mens se waarhede aan jou gee."

Sy beklemtoon egter dat die luister na die stem van inspirasie nog nie is om 'n boek te skryf nie.

"Skryf is ook fisiese, harde werk. Met al my boeke is ek getoets: kan jy dit deurstaan, het jy die stamina? Jy kry niks verniet nie."

Wat in Pieterella se verhaal het dit die moeite werd gemaak om so te swoeg? Wat kan 'n mens daar leer?

"Om haar verhaal te vertel is soos om 'n groot, ou boom versi-i-i-gtig oop te grawe sodat jy sy wortels 'n slag goed kan bekyk. Wat 'n mens uit Pieterella se verhaal kan leer, is nommer een, en nommer twee en nommer drie: dat die Hottentotte 'n ongelooflike volk was en dat ons moet huil omdat ons so min van hulle af weet. Hulle was die regte mense van die Kaap, van die Suide van Afrika. Daar was tye wat ek vir myself wou sê: 'God but they are beautiful.' Hoe 'n mens dit in Afrikaans sê, weet ek nie."

Herman Wasserman
BRON: Die Burger 12 Maart 2000